## 16 Julie — Amos 1:1-2; 7:10-17

### *Die Here help sy gesante*

Amos tree op as profeet vanaf ongeveer 600 vC. Die aardbewing wat vers 1 vermeld was volgens navorsers in die jaar 602 vC. Tekoa lê 16 kilometers suid van Jerusalem. Daar boer hy met kleinvee en wilde vye. Hiervandaan roep die Here hierdie opregte en toegewyde kneg van hom. Hy word gestuur na die volke in Kanaän, in die besonder na Israel (Tien Stamme).

Amos was die eerste skrywende profeet. So is sy preke vir ons bewaar tot vandag. Omdat God nie verander nie bly die openbaring ook dieselfde. Wat destyds waar was, is vandag nog net so waar. Die Woord van God verouder nie. Hoef daarom ook nie aangepas te word nie.

Amos was goed geskool en skryf in pragtige prosa en poëtiese styl. Ook ken hy sy tyd deur en deur. Kyk maar hoe raak beskryf hy die sondes.

Wanneer God sy gesante uitstuur kan ons maar weet dat Satan hulle gaan beveg. So kom Amos teen Amasia (valse priester van die goue-kalwerdiens te Betel) te staan. Amasia probeer Amos verdryf. God help egter sy dienskneg: Amasia se huisgesin beland in ellendes (vers 17). Amasia se grond sal aan ander uitgedeel word. Self sal hy in 'n vreemde land sterf ballingskap. God spreek die laaste woord, sy werk gaan deur.

Ook tot ons kom die opdrag: Gaan uit. Vertel. Doen. God is met jou. Hy help jou. Wees net gehoorsaam en doen jou bes soos Amos.

Sing: Psalm 33:5

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)